Laerskool Queenswood

Omsendbrief 13

4 Mei 2011

Geagte Ouers en Voogde

VERJAARSDAE - PERSONEEL:

Baie geluk aan mev. Debbie Liebenberg wat eerskomende Vrydag, 6 Mei 2011 verjaar. Ons wens haar 'n baie gelukkige en voorspoedige lewensjaar toe.

BOBBY VAN JAARSVELD:

Die nuwe datum vir Bobby van Jaarsveld se optrede is 19 Augustus 2011. Stuur asseblief u kaartjie-lyste terug skool toe. Kaartjies sal daarvolgens heruitgereik word.

WÊRELDKENNIS OLIMPIADE:

Die Wêreldkennis Olimpiade vind op Donderdag 19 Mei 2011 plaas. Al die graad 6 en 7 leer-ders neem daaraan deel. Lees, luister en vra vir oulaas om jou algemene kennis te verbeter!

BOEKEVERKOPING:

Die boekeverkoping waarna almal so uitsien, vind op Woensdag en Donderdag (1 en 2 Junie 2011) in die skoolsaal plaas.

Spaar solank jou geldjies sodat jy nie met leë sakke te staan kom voor tafels wat kreun onder die aller wonderlikste boeke en speletjies nie!

RUGBY DISTRIKSPANNE:

Baie geluk aan die volgende rugbyseuns wat gekies is vir die distrikspanne.

0/12A	0/12B	0/13A	0/13B
Jan-Adriaan Venter	Dewaldt van der Merwe	Francois van der Merwe	Brendon Damonds
Ruben Möller	William Mashatitone		
Edmund Ludick			
Dewalt de Klerk			

NETBALLIGA DATUMS:

12 Mei 2011	Eduplex en Prestige College	Tuis
17 Mei 2011	Eben Swemmer	Weg
19 Mei 2011	Rietfontein-Noord	Tuis

DOUGHNUTS:

Heerlike doughnuts word eerskomende Vrydag, 6 Mei 2011 gedurende eerste pouse teen R6.00 elk verkoop.

"SPARE-RIBS"

Sien aangehegte bestelvorm! Bestellings vir die "Spare-ribs sluit Vrydag, 6 Mei 2011 en aflewering vind op Dinsdag, 10 Mei 2011 plaas.

Vriendelike groete

.....

R. LUDICK

PRINSIPAAL

BELANGRIK:

Die oueraand vind op 10 Mei 2011 tussen 17:00 en 19:00 plaas.

Die graad 1 tot 3 se oueraand vind in die leerders se klassies plaas.

Die graad 4 tot 7 se oueraand vind in die saal plaas.

Punte van belang:

Personeel

Bobby van Jaarsveld

Wêreldkennis olimpiade

Boekeverkoping

Rugby Distrikspanne

Netballiga Datums

Doughnuts

"Spare-Ribs"